| | | | |
|---|---|---|---|
| Hoërskool STELLENBERG High School — VIVAT SCIENTIA | | **GEDRAGSKODE EN SKOOLREËLS** | |
| **Goedgekeur deur:** | Beheerliggaam | **Beleidbewaarders:** | Skool se Senior Bestuurspan |
| **Handtekening BL voorsitter:** | | **Weergawedatum:** | 21 April 2026 |

## 1. DOELSTELLINGS VAN SKOOL

1.1. Om gehalte-onderwys aan leerders te voorsien.

1.2. Om kragtens die bepaling van Artikel 5 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996 ("die Skolewet"), leerders toe te laat en in hul opvoedkundige behoeftes te voorsien sonder om op enige wyse te diskrimineer.

1.3. Om kragtens die bepalings van Artikel 6 van die Skolewet geen vorm van diskriminasie toe te laat in die uitvoering van die skool se taalbeleid nie.

1.4. Om kragtens die bepalings van Artikel 7 van die Skolewet geloofsbeoefening by die skool op 'n billike en regverdige wyse te laat geskied en om bywoning daarvan deur leerders en personeellede op 'n vrywillige grondslag te laat plaasvind.

1.5. Om die skoolfonds, alle opbrengste daaruit en alle ander bates van die skool slegs te gebruik ooreenkomstig die bepalings van Artikel 37 van die Skolewet.

1.6. Om finansieel sodanig te funksioneer dat die skool sy verpligtinge sal kan nakom.

1.7. Om die gemeenskap te dien deur leerders sodanig voor te berei dat hulle as goed opgevoede persone hulle plek in die gemeenskap sal kan inneem.

1.8. Om aan die personeel van die skool die geleentheid te bied om professioneel te groei, werksbevrediging te kry en sodoende onderwys van hoogstaande gehalte te lewer.

1.9. Om 'n bydrae te lewer tot die bevordering van sport en kultuur in die algemeen, maar in besonder om sport- en kultuurbedrywighede as opvoedingsgeleenthede te benut tot voordeel van die leerders in die skool.

1.10. Om uitvoering aan die leuse en missie van die skool te gee.

1.11. Om regmatige dissiplinêre optrede binne die raamwerk van die skool se Gedragskode en die wette van die land, af te dwing.

## 2. BASIESE VERANTWOORDELIKHEDE VAN LEERDERS

2.1. Om alle klasse getrou by te woon, behalwe in geval van 'n wettige mediese verskoning of weens familieverpligtinge of met uitdruklike vooraftoestemming van die skoolowerheid.

2.2. Om die werkprogram te volg wat deur die onderwysowerheid bepaal is, asook die praktiese reëlings wat deur die skool bepaal word.

2.3. Om saam te werk sodat onderrigaktiwiteite ordelik tot almal se voordeel kan geskied.

2.4. Om alle opdragte/voorskrifte t.o.v. eksamens, toetse en tuiswerk met trots na te kom en betyds uit te voer.

2.5. Om deurgaans eerlik en deursigtig op te tree.

2.6. Om aktief aan die buitemuurse program van die skool deel te neem.

2.7. Om met respek teenoor medeleerders, opvoeders, personeel en lede van die publiek op te tree.

2.8. Om te alle tye waardig op te tree.

2.9. Om mekaar se eiendom, die skoolgebou, -toerusting en -terrein te respekteer.

2.10. Om die gesag van diegene wat oor ons aangestel is te eerbiedig.

2.11. Om die nasionale simbole en die simbole van die skool te eerbiedig.

2.12. Om enige dissiplinêre stappe in ooreenstemming met die Gedragskode en die landswette te ondersteun.
2.13. Om onsself van enige diskriminasie op grond van geloof, taal, etnisiteit, geslagsoriëntasie of enige ander grondslag soos uiteengesit in die Grondwet van Suid-Afrika te weerhou.
2.14. Om alle maatreëls te aanvaar om onsself, medeleerders en personeel te vrywaar van moontlike HIV-besmetting (Nasionale Onderwyswet, 27 van 1996).
2.15. Om onsself van enige vorm van afknouery te weerhou.
2.16. Alhoewel dit ingevolge die wet nie toelaatbaar is om die gesag om regmatige dissiplinêre optrede binne die raamwerk van die skool se Gedragskode en die wette van die land af te dwing, te delegeer nie, bly dit 'n fundamentele verantwoordelikheid van alle leerders om die Gedragskode na te kom, die waardes en norme van die skool te handhaaf en enige oortreding daarvan aan te meld.

## 3. GEDRAGSKODE

- Die Hoërskool Stellenberg (leerders, onderwysers en ouers) streef daarna om die volle potensiaal van elke betrokkene te ontwikkel sodat ons vir mekaar, ons gemeenskap en ons land tot voordeel kan wees. Om dit te verwesenlik, is ons afhanklik van mekaar, ondersteun ons mekaar en laat ons ons lei deur die waardes en norme wat gesamentlik geïdentifiseer is.
- Alle ouers en leerders onderneem om hulle, by toelating tot die skool, onvoorwaardelik gebonde aan hierdie Gedragskode en die algemene skoolreëls sowel as die missie en visie van Hoërskool Stellenberg te hou.
- Opvoeders, ouers en leerders erken dat tug deel vorm van gesonde opvoedkundige beginsels wat binne skoolverband so ver moontlik op 'n professionele wyse hanteer sal word en onderwerp hulle, by toelating tot die skool, onvoorwaardelik aan die dissiplinêre kode van die skool.
- Alle leerders en vennote by die skool het die demokratiese reg om deel te neem aan besluitneming oor aangeleenthede wat hulle by die skool raak, asook die demokratiese reg dat hulle menings oor sake wat hulle raak, aangehoor word.
- Alle leerders en vennote by die skool het die demokratiese reg op regverdige prosedure by die skool.
- Die dissiplinefilosofie van die skool is gegrond op menswaardigheid, respek en bedagsaamheid teenoor ander, en nie op vrees of aanranding nie.
- Leerders mag nie opgesluit word in eensame aanhouding nie.
- Vryheid van uitdrukking word gewaarborg binne die raamwerk van die Gedragskode, maar leerders se reg op vryheid van uitdrukking is nie absoluut nie. Wanneer sodanige uitdrukking tot 'n wesenlike en beduidende ontwrigting van die skool se bedrywighede, aktiwiteite of ander persone se regte lei, mag die skool regtens daardie uitdrukking beperk.
- Elke leerder het die reg om nie op 'n wrede, onmenslike of vernederende wyse behandel of gestraf te word nie.
- Lyfstraf mag nie toegepas word nie. Lyfstraf is afgeskaf en word verbied.
- Die dissiplinêre proses moet spoedig, billik, regverdig, korrektief, konsekwent en opvoedkundig wees. Waar moontlik moet ouers ingelig en betrek word by die regstelling van gedrag. Leerders moet beskerm word teen mishandeling deur volwassenes of ander leerders.
- Dissipline moet in die skool en klaskamer gehandhaaf word sodat onderrig sonder ontwrigtende gedrag kan plaasvind; die doel daarvan is om leerders tot selfdissipline te lei.
- Alle leerders in die algemeen - en die Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL) , asook die senior leerders in die besonder - moet behoorlike gedrag binne die skool bevorder; geen leerder het egter die gesag of reg om ander leerders te straf nie.

- Alle klas- en ander reëls moet in ooreenstemming wees met die algehele Gedragskode, moet duidelik en verstaanbaar wees, en voorsiening maak vir billike waarskuwings waar van toepassing.

3.1. Inleiding

- Die Gedragskode word aanvaar ingevolge Artikel 8 van die Skolewet.
- Elke leerder is verplig om die Gedragskode van die skool na te kom.
- Die Gedragskode bepaal die proses wat gevolg moet word wanneer ‘n leerder betrokke is by dissiplinêre optrede.

3.2. Visie en Missie

Hoërskool Stellenberg is ’n skool met ’n visie wat uitnemendheid op alle terreine handhaaf: Akademie, Sport en Kultuur.

Ons **FIRE**-waardes: **Geloof, Integriteit, Verantwoordelikheid** en **Uitnemendheid,** is die kompas en vlam wat ons leerders en personeel lei om ’n positiewe skoolomgewing te bou waar ons jong verstande vorm om aktiewe leiers, kritiese denkers, entrepreneurs en gewaardeerde burgers in die wêreld van môre te word.

**GELOOF**: Ons streef voortdurend daarna om ‘n positiewe lewensingesteldheid aan te moedig wat weerspieël word in die wyse waarop ons personeel en leerders optree en leef. Hier koester ons ons oortuigings en ons medemens.

**INTEGRITEIT**: Ons motiveer ons personeel en leerders om ’n lewenspad te koester wat deur integriteit bepaal word, en ’n lewenswyse wat bo verdenking staan. Ons is trots daarop dat ons alle leerders en personeellede met die grootste respek behandel.

**VERANTWOORDELIKHEID**: Ons moedig ons leerders aan om verantwoordelikheid in hulle akademiese werk, sport- en kultuurdeelname aan die dag te lê. Ons benadruk ook die ingesteldheid om alle leerders welkom, gekoester en geliefd te laat voel.

**UITNEMENDHEID**: Ons leef volgens hierdie woorde: “’n Kragtige gees kan enige uitdaging oorwin.” Ons personeel en leerders werk ywerig aan alles wat hulle aanpak omdat ons KIES om SUKSESVOL en UITNEMEND te wees!

Hier by die Hoërskool Stellenberg glo ons dat ‘n skool sy leerders met kritiese denkvaardighede en goeie waardes moet toerus sodat hulle suksesvol in ‘n kompeterende wêreld kan wees.

**VISIE**

Die skool sal ’n sentrum van uitnemendheid wees:

- aan die voorpunt van opvoeding en onderrig
- in betekenisvolle diens aan die gemeenskap
- toegewyd aan die bevordering en ontwikkeling van al sy leerders en onderwysers

**MISSIE**

Om gehalte-onderrig te verskaf.

**WAARDES**

Geloof dien as die uitgangspunt en basis vir die norme en waardes wat by Hoërskool Stellenberg onderskryf en uitgeleef word. Dit word gedoen met inagneming van en sensitiwiteit teenoor verskillende gelowe en kulture.

**SKOOLREëLS**

## 4.1 GEDRAG IN SKOOLGEBOU EN OP SKOOLTERREIN

4.1.1 Geen gedrag wat ander mag benadeel, word toegelaat nie. Dit sluit die volgende in, maar is nie beperk tot:

- intimidasie (fisiek, verbaal of emosioneel);
- diskriminasie (taal, kapasiteit, etnisiteit, seksuele oriëntasie of geloof);
- viktimisasie;
- afknouery (verbaal, fisiek en emosioneel) nie.
- verontagsaming van gesondheidsprotokolle soos uiteengesit deur die skool of regering.

4.1.2 Orde word in alle klaskamers gehandhaaf met die nodige respek vir die gesag van die opvoeder.

4.1.3 Beweging in die gange geskied ordelik.

4.1.4 Kafeteria
Leerders mag **nie** die kafeteria tydens klastyd besoek nie (selfs nie namens opvoeders nie). Gewone skoolreëls in verband met gedrag moet nagekom word by die kafeteria.

4.1.5 Kleedkamers en toilette.

- Geen fisiese kontak of onnodige **getalm** word in die kleedkamers en/of toilette toegelaat nie.
- Slegs een persoon per toilethokkie.

4.1.6 Die volgende is buite perke vir leerders, behalwe onder toesig van 'n onderwyser of gemagtigde:

- kleedkamers vir volwassenes
- die skoolsaal, multifunksionele sentrum en aktiwiteitsentrum
- die personeelkamer
- die ingang by die trap in Panoramarylaan
- die personeelwerkkamer
- die hoofingang vanaf 07h00 tot 15h00 (tensy 'n leerder uitgeteken het.)
- die skure en werkswinkel van die werkers
- die personeelparkeerareas en voertuie
- die klippieswal langs die C-blok
- C-rugbyveld en B-krieketveld
- dadelbome, tennisbane en krieketnette
- die hokkies waar die gassilinders geïnstalleer is (in vierkante in A- en -B blok)
- Leerders mag nie op enige plek naby die skool se omheining wees nie. Dit sluit die omgewing rondom die Administrasieblok en die iHub in.
- die funksielokaal (insluitende voorportaal)
- die gimnasium, rekke-gimnasium
- die tennishuisie
- die Astrobaan
- Die IT-blok is buite perke voor skool, tydens pouses sowel as na skool.
- Geen informele balspele op die A-rugbyveld, atletiekbaan sowel as naby aan die skoolgeboue nie.
- Die E-rugbyveld is tydens pouse beskikbaar, afhangende van die toestand van die veld.

## 4.2 Algemeen

**Die volgende word nie op die skoolterrein toegelaat nie, ook nie wanneer leerders die skool verteenwoordig of in skooldrag geklee is nie:**

4.2.1. fisiese kontak (hande vashou, hang, klou, soen) tussen leerders en/of leerders en persone van buite;

4.2.2. rook van enige middel insluitende e-sigarette/toestelle, besit, handeldryf en/of gebruik van alkohol en/of verbode/onwettige dwelms of middels;

4.2.3. besit en/of verspreiding van pornografiese materiaal in enige formaat;

4.2.4. vandalisme en rommelstrooiery;

4.2.5. gebruik van vuiltaal en/of vloekery.

## 4.3 AANMELDPROSEDURE EN KLASWISSELING

4.3.1 Leerders neem te alle tye self verantwoordelikheid vir hul tasse en besittings.

4.3.2 Leerders moet op 'n vinnige en ordelike wyse na hulle klaskamers beweeg om betyds by die volgende klas aan te kom.

4.3.3 Klaskamers moet ordelik betree word.

4.3.4 Leerders mag slegs buite die klas wees met toestemming van die verantwoordelike opvoeder of bestuurslid.

## 4.4 ALGEMENE VOORKOMS

Leerders se voorkoms moet te alle tye aan die standaarde, soos gestipuleer in die skool se Gedragskode, voldoen. Vermelde aanvaarde standaarde van sindelikheid, netheid en styl, soos wat by 'n skooluniform pas, moet aan voldoen word. Versoeke om af te wyk van die voorkoms- of kleredragvoorskrifte moet vooraf skriftelik by die graadvoog ingedien word vir voorlegging aan die beheerliggaam.

**LEERDERS EN HULLE OUERS/VOOGDE ONDERNEEM OM DIE VOLGENDE VOORSKRIFTE NA TE KOM:**

4.4.1. **SEUNS**

4.4.1.1. **SKOENE**

- Slegs effekleurige, swart leerskoene; geen stewels en geen gespes nie.
- Skoon en blink gepoleer te alle tye.
- Veterskoene se veters moet vasgemaak en heel wees.

4.4.1.2. **SOKKIES EN KOUSE**

- Slegs grys skoolsokkies (standaardlengte) en opgetrek te alle tye.

4.4.1.3 **LANGBROEK**

- Grys skoolbroek, standaardwydte (geen noupassende pype nie).
- Langbroeke moet op normale heuphoogte gedra word. Onderklere mag nie sigbaar wees nie.
- Geen heupbroeke word toegelaat nie.
- Broeke moet die korrekte grootte wees.

4.4.1.4 **LYFBAND**

- Eenvoudige swart of grys lyfbande móét by langbroeke gedra word.
- Geen uitspattige gespes nie.

4.4.1.5 **KORTBROEK**

- Standaard, grys skoolkortbroek, standaardlengte.
- 'n Langbroek wat in 'n kortbroek verander is, is ontoelaatbaar.
- ‘n Oormatige stywe kortbroek is nie toelaatbaar nie.
- Korrekte grootte.

4.4.1.6 **HEMP**

- Standaard, wit skoolhemp.
- Langmouhemp met das.
- Oopnekkortmouhemp met standaard skoolwapen.
- Indien 'n seun 'n dashemp dra, moet hy ook 'n das dra.

4.4.1.7 **DAS**

- Voorgeskrewe skooldas, netjies geknoop, standaardlengte tot by lyfband en vasgetrek tot teenaan kraag.

4.4.1.8 **SKOOLTRUI**

- Mag sonder skoolbaadjie gedra word.
- Moue mag nie opgerol/opgestoot word nie.
- Korrekte grootte.
- Truie moet te alle tye heel en netjies wees.

4.4.1.9 **MATRIEKTOPS**

- Matriektops mag nie onder die skoolbaadjie gedra word nie.
- Matriektops mag nie tydens `n saalbyeenkoms en/of amptelike funksie gedra word nie.
- Volle skooldrag moet onder die matriektop gedra word.

4.4.1.10 **BAADJIE**

- Moue mag nie opgerol of opgestoot word nie.
- Moet alle knope aanhê.
- Sakwapen netjies aangeheg.
- Verpligtend tydens saalbyeenkomste en amptelike funksies.
- Die amptelike skoolbaadjie word op Dinsdae en Donderdae gedra.

4.4.1.11 **WINTERSDRAG**

- Grys skoolbroek (langbroek of kortbroek).
- Langmouhemp of kortmouhemp met skooldas (boonste knoop moet te alle tye vas wees).
- Grys skoolsokkies.
- Lyfband.
- Skoene.
- Vlootblou handskoene (opsioneel).
- Slegs amptelike skoolserpe word gedurende die winterseisoen (Kwartale 2 en 3) toegelaat.

4.4.1.12 **SOMERSDRAG**

- Grys skoolbroek (langbroek of kortbroek).
- Langmouhemp met skooldas.
- Die boonste knoop moet te alle tye vas wees.
- Die moue van langmouhemde mag opgerol word.

**OF**

- Oopnekkortmouhemp met skoolwapen.
- Oopnekkraag omgeslaan bo-oor baadjie.
- Hemde moet te alle tye netjies **ingesteek** wees.
- Grys skoolsokkies.
- Lyfband.
- Skoene.
- Toegewing : Wintersdrag mag ook in die somer gedra word.

4.4.1.13 **HARE**

Die skool gee erkenning en ondersteun die konsep van diversiteit binne die spesifieke riglyne van die Gedragskode.

- Hare moet skoon en netjies wees.
- Geen oormatige haarstileermiddels.
- Slegs 'n natuurlike haarkleur word toegelaat.
- Hare mag nie oor die bopunt van die oor hang nie.
- Hare bo-op die kop en kante moet kort wees en die profiel van die leerder se kop volg.
- Seuns mag nie hulle hare vleg of draai nie.
- Haarlengte moet geleidelik oorgaan vanaf die kante na bo.
- Kuif mag nie aan wenkbroue raak nie.
- Dit mag nie aan die kraag van die hemp raak of oor die kraag hang nie.
- Geen "mohawks", “mullets”, ”undercuts” en “manbuns” nie.
- Geen verlengstukke word toegelaat nie.
- Haarstyle: geen uitspattige haarstyle.
- Geen ingesnyde paadjies word toegelaat nie.

4.4.1.14 **GESIGHARE**

- Wangbaarde mag nie laer strek as die onderpunt van die oorgat nie.
- ‘n Snor of baard word nie toegelaat nie.
- Skoongeskeer by die skool of wanneer in skooldrag (insluitend sportdrag) geklee.
- Geen ingesnyde paadjies in wenkbroue word toegelaat nie.

4.4.1.15 **NAELS**

- Kort en skoon.
- Geen naelpolitoer nie.

4.4.1.16 **GRIMERING**

- Nie toegelaat nie, ook nie wanneer die skool verteenwoordig word of wanneer die skooluniform gedra word nie.

4.4.1.17 **TATOEëERMERKE**

- Geen tatoeëermerke of enige ander liggaamskuns mag sigbaar wees by die skool nie, ook nie wanneer die skool verteenwoordig word, tydens sportoefeninge, wedstryde en skoolfunksies/-aktiwiteite, of wanneer skooldrag (insluitend sportdrag) gedra word nie.

4.4.1.18 **JUWELIERSWARE**

- Slegs polshorlosies word toegelaat.
- Standaard "Medic Alert"-kentekens word toegelaat.
- Geen sigbare liggaamsjuweliersware ("piercings") word toegelaat nie, ook nie wanneer die skool verteenwoordig word of wanneer die skooluniform gedra word nie.
- **Geen pleisters mag gebruik word om ekstra juweliersware te verbloem nie.**
- Slegs amptelike aktiwiteitknopies ("badges"), een per aktiwiteit vir huidige skooljaar, soos verdien deur die leerder self, word op die uniform toegelaat.
- Slegs **amptelike** kentekens, een per aktiwiteit van die huidige skooljaar (wat deur die leerder self verwerf is), mag op skooluniforms gedra word.
- Die dra van WP- / SA-kleure of 'n hoogste toekenning deur leerders wat dit verwerf het, word vir die duur van hul skoolloopbaan toegelaat, in ooreenstemming met die skool se Gedragskode.

4.4.1.19 **T-HEMDE EN FROKKIES**

- Slegs wit, effekleurige frokkies of T-hemde mag onder hemde gedra word.
- Dit mag nie by die hemp of die nek van die hemp uitsteek nie.

4.4.1.20 **BOEKSAKKE, SKOOLTASSE EN SPORTSAKKE**

- Geen aanstootlike woorde of onwelvoeglike prente/frases op hierdie items nie.

4.4.1.21 **"CIVVIE"-DAE**

- Geen seksueeluitlokkende of onwelvoeglike kleredrag word toegelaat nie.
- Hemde moet gedra word.
- Skoene of sandale moet gedra word.
- Leerder moet 'n sindelike, netjiese en skoon voorkoms hê.
- Normale voorkomsreëls geld t.o.v. hare, baard, naels, tatoeëermerke, grimering, frokkies en hoofbedekkings.
- Leerders moet in die normale sportuniform verklee vir oefeninge en wedstryde na afloop van die "civvie"-dag.

4.4.2 **DOGTERS**

4.4.2.1 **SKOENE**
- Slegs formele, effekleurige, swart skoolskoene van gladde leer word toegelaat.
- Skoon en blink gepoleer.

4.4.2.2 **SOKKIES**
- Wit, omgeslaan tot net bo die knop van die enkel.

4.4.2.3 **ROK**
- Die skoolrok moet ten minste driekwart van die bobeen se lengte bedek.
- Die standaard A-patroon moet gehandhaaf word.
- Soom moet behoorlik ingewerk wees.
- Ritssluiter te alle tye toe.

4.4.2.4 **HEMP SAAM MET ROK**
- Standaard, wit skoolhemp.
- Langmouhemp met das.
- Oopnekkortmouhemp, met of sonder skoolwapen.
- Indien 'n dogter 'n dashemp dra, moet sy ook 'n das dra.

4.4.2.5 **DAS**
- Voorgeskrewe skooldas, netjies geknoop en vasgetrek tot teenaan kraag.

4.4.2.6 **BAADJIE**
- Moet alle knope aanhê.
- Sakwapen netjies aangeheg.
- Moue nooit opgestoot of opgerol nie.
- Verpligtend tydens saalbyeenkomste en amptelike byeenkomste.
- Die amptelike skoolbaadjie word op Dinsdae en Donderdae gedra.

4.4.2.7 **SKOOLTRUI**
- Mag sonder die baadjie gedra word.
- Moue nie opgerol/opgestoot nie.
- Korrekte grootte.
- Truie moet te alle tye heel en netjies wees.

4.4.2.8 **LANGBROEK (Damesnit)**
- Grys skoolbroek, standaardwydte (geen noupassende pype nie).
- Langbroeke moet op normale heuphoogte gedra word. Geen heupbroeke word toegelaat nie.
- Korrekte grootte.

4.4.2.9 **MATRIEKTOP**
- Mag nie onder die skoolbaadjie gedra word nie.
- Mag nie tydens `n saalbyeenkoms en/of amptelike funksie gedra word nie.
- Die volle skooluniform moet saam met die matriektop gedra word.

4.4.2.10 **WINTERSDRAG**
- Skoolrok.
- Langmouhemp met ‘n das (boonste knoop te alle tye vas).
- Vlootblou broekiekouse. (Vlootblou sokkies mag onder kouse gedra word.)
- Skoene.
- Vlootblou handskoene (opsioneel).
- Slegs amptelike skoolserpe word gedurende die winterseisoen (Kwartale 2 en 3) toegelaat.

**WINTERSDRAG (Met langbroek)**
- Grys skoollangbroek (damesnit).
- Langmouhemp, ingesteek, met ‘n das (boonste knoop te alle tye vas). Onderkleure mag nie sigbaar wees nie.
- Grys skoolsokkies en skoene.
- Vlootblou handskoene (opsioneel).
- Slegs amptelike skoolserpe word gedurende die winterseisoen (Kwartale 2 en 3) toegelaat.

4.4.2.11 **SOMERSDRAG**

- Skoolrok.
- Oopnekkortmouhemp met of sonder skoolwapen of dashemp.
- Oopnekkraag omgeslaan bo-oor baadjie.
- Indien 'n leerder 'n dashemp dra, moet sy ook 'n das dra.
- Moue van langmouhemde mag opgerol word.
- Wit sokkies.
- Skoene.
- Toegewing : Volle wintersdrag mag ook in die somer gedra word.
- Toegewing: Slegs die amptelike Stellenberg-reënbaadjie mag tydens reënweer binne en buite die gebou gedra word. Die bestaande formele baadjie word nie deur die reënbaadjie vervang nie.

**SOMERSDRAG (Met langbroek)**

- Grys skoollangbroek (damesnit).
- Oopnekkortmouhemp (damesnit) met skoolwapen, word nie ingesteek nie. Onderklere mag nie sigbaar wees nie.
- Indien ‘n dogter ‘n trui dra, moet die hemp ingesteek wees.
- Oopnekkraag omgeslaan bo-oor baadjie.
- Grys skoolsokkies.
- Skoene.
- Toegewing : Volle wintersdrag mag ook in die somer gedra word.
- Toegewing: Slegs die amptelike Stellenberg-reënbaadjie mag tydens reënweer binne en buite die gebou gedra word. Die bestaande formele baadjie word nie deur die reënbaadjie vervang nie.

4.4.2.12 **HARE**

(Riglyn: Hare wat aan onderkant van kraag raak, word as lang hare beskou.)

- Die skool gee erkenning en ondersteun die konsep van diversiteit binne die spesifieke riglyne van die Gedragskode.
- Hare moet skoon en netjies gekam wees.
- Geen oormatige haarstileermiddels nie.
- Lang hare: Alles moet vasgemaak en uit die gesig wees, insluitend verlengstukke en “afro”- haarstyle.
- Haarlengte insluitend verlengstukke, mag nie heuphoogte oorskry nie.
- Hare wat lank genoeg is om vas te maak, moet vasgemaak word.
- Verlengstukke:
    - geen krale en/of versierings word toegelaat nie.
    - vlegsels mag nie langer as die heupe wees nie.
    - los verlengstukke moet vasgemaak word
    - kleur van vlegsels:
        - verlengstukke mag net in ‘n skakering van jou natuurlike haarkleur wees.
        - verlengstukke van gemengde kleure word nie toegelaat nie.
- Kuiwe moet vasgesteek word dat dit nie aan die wenkbroue raak nie.
- Haarslierte: vasgesteek.
- Geen "mohawks", “mullets” en “undercuts” nie.
- Knippies: silwer, goud, bruin, swart of wit.
- Haarbykomstighede: amptelike skoolkleure en haarbande wat nie breër as 30 mm is nie.
- Haarkleur: slegs 'n natuurlike haarkleur.
- Haarstyl: geen uiterste haarstyle word toegelaat nie. In die geval van ’n afro-haarstyl, word daar van die leerder verwag om oorweging te skenk aan die grootte van die haarstyl sodat dit nie ander leerders of die onderwyser se sig in die klas belemmer nie.
- Haarbande: slegs wit, vlootblou of haarkleur, en nie breër as 30 mm nie.
- Geen versierings nie (behalwe die wat by die skool se klerewinkel beskikbaar is).

4.4.2.13 **NAELS**

- Skoon en mag nie oor die vingerpunte sigbaar wees vanaf die handpalms nie, met inagneming van 'n hoë naelbed.
- Kleurlose naellak word toegelaat.

4.4.2.14 **GRIMERING**

- **Geen** grimering mag skool toe gedra word nie, ook nie wanneer die skool verteenwoordig word of wanneer die skooluniform gedra word nie.
- Met toestemming van die graadvoog, mag onderlaag wel matig gebruik word.
- Geen vals wimpers word toegelaat nie.

4.4.2.15 **TATOEëERMERKE**

- Geen tatoeëermerke of enige ander liggaamskuns mag sigbaar wees by die skool nie, ook nie wanneer die skool verteenwoordig word, tydens sportoefeninge, wedstryde en skoolfunksies/-aktiwiteite, of wanneer skooldrag (insluitend sportdrag) gedra word nie.

4.4.2.16 **KOUSE**

- Vlootblou broekiekouse.

4.4.2.17 **JUWELIERSWARE**

- Slegs polshorlosies.
- Standaard "Medic Alert"-hangertjie of armband.
- Geen sigbare liggaamsjuweliersware (“piercings”) word toegelaat nie, ook nie wanneer die skool verteenwoordig word of wanneer die skooluniform gedra word nie. Uitsonderings vir ore soos hieronder beskryf:
- Onversierde goue of silwer "sleepers" (1cm deursnee) word toegelaat.
- Onversierde goue, silwer, diamant/helder kristal of pêrel rondeknopies ("studs") word toegelaat – maksimum 6mm in deursnit.
- **Slegs een oorbel per oor, geposisioneer in die oorlel, word toegelaat.**
- **Geen pleisters mag gebruik word om ekstra juweliersware te verbloem nie.**
- Slegs **amptelike** kentekens, een per aktiwiteit van die huidige skooljaar (wat deur die leerder self verwerf is), mag op skooluniforms gedra word.
- Die dra van WP- / SA-kleure of ’n hoogste toekenning deur leerders wat dit self verwerf het, word vir die duur van hul skoolloopbaan toegelaat - in ooreenstemming met die skool se Gedragskode.

4.4.2.18 **LYCRA-BROEKE**

- Toelaatbaar onder skooluniform.
- Mag nie uitsteek nie.

4.4.2.19 **BOEKSAKKE EN SKOOLTASSE**

- Geen aanstootlike woorde of onwelvoeglike prente/frases op hierdie items nie.

4.4.2.20 **“CIVVIE”-DAE**

- Geen seksueel-uitlokkende of onwelvoeglike kleredrag word toegelaat nie.
- Maag moet bedek wees.
- Skoene of sandale moet gedra word.
- Leerder moet te alle tye ‘n sindelike, skoon en netjiese voorkoms hê.
- Gewone voorkomsreëls ten opsigte van juweliersware en tatoeëermerke geld.
- Hare mag los gedra word, maar dit mag nie in die gesig hang nie.
- Roklengte moet aan dieselfde standaard as dié van die skooluniform voldoen.
- Kortbroeke met 'n langer beenlengte word toegelaat. (Kleredrag moet sindelik wees.)
- Kleefbroeke (“leggings”) mag slegs gedra word met ‘n langer top wat die sitvlak bedek.
- Leerders moet na afloop van die “civvie”-dag in die normale sportuniform verklee vir oefeninge en wedstryde.

4.4.3 **SPORTDRAG (SEUNS EN DOGTERS)**

4.4.3.1 **Algemene beginsels**

- Die doel van sportkleredragregulasies is om veiligheid, dissipline, eenvormigheid en skooltrots te verseker.
- Daar word van leerders verwag om te alle tye netjies te vertoon – geklee in goedgekeurde drag wat die skool positief weerspieël, hetsy hulle deelneem aan, reis na, of ondersteuning bied by skoolaktiwiteite.
- Slegs goedgekeurde skoolsportdrag mag vir enige skoolverwante sportaktiwiteit gedra word.
- Geen tatoeëermerke of enige ander liggaamskuns mag sigbaar wees nie.
- Geen juweliersware word tydens oefeninge of wedstryde toegelaat nie, behalwe vir goedgekeurde mediese of godsdienstige items.

4.4.3.2 **Sportkleredrag vir oefeninge**

- Leerders moet, waar dit vereis word, reeds in die korrekte sportdrag arriveer.
- Leerders moet die voorgeskrewe sportdrag vir alle oefeninge dra.
- Sportdrag moet netjies, skoon en in ’n goeie toestand wees.
- Gepaste skoene moet vir die spesifieke sport of aktiwiteit gedra word om veiligheid te verseker en om skade aan die oppervlak te verhoed.

4.4.3.3 **Verklee in en uit sportdrag**

- Die aantrek van sportdrag word slegs toegelaat:
  - in aangewese kleedkamers, of
  - by plekke en op tye wat spesifiek deur die skool goedgekeur is.
- Leerders mag nie in klaskamers, gange, toilette of ander ongemagtigde areas verklee nie.
- Na oefeninge of LO-sport gedurende die skooldag, moet leerders onmiddellik weer hul volledige skooluniform aantrek - gedurende die toegekende vyfminute-pouse of aangewese verklee-tyd.
- Leerders mag nie hul akademiese klasse in sportdrag bywoon nie, tensy dit uitdruklik gemagtig is.

4.4.3.4 **Sportwedstryde (Tuis en Weg)**

- Op wedstryddae moet leerders in volledige skooluniform by die skool of vertrekpunt arriveer, tensy vooraf skriftelike toestemming vir ander kleredrag verleen is.
- Leerders mag slegs in hul amptelike wedstryd- of sportdrag verklee wanneer dit deur die afrigter of onderwyser aangedui word.
- Na afloop van die wedstryd:
  - Leerders moet so gou as redelikerwys moontlik, weer hul volledige skooluniform aantrek.
  - Sportdrag mag nie tydens die reis huis toe gedra word nie, tensy spesifieke toestemming deur die afrigter of skoolbestuur daarvoor verleen is.

4.4.3.5 **Reis na sportwedstryde en tydens toere**

- Wanneer na en van sportwedstryde, feeste of toere gereis word, moet leerders die volgende dra:
  - Volledige skooluniform, of
  - Amptelike skool-oefensweetpak of toerdrag, indien vooraf goedgekeur.
- Geen informele klere, nie-skoolsportdrag, kappies (hoodies) of mode-items mag gedra word terwyl die skool verteenwoordig word nie.
- Leerders moet goedgekeurde reisdrag vir die duur van die reis dra, tensy anders aangedui.

4.4.3.6 **Toeskouers en ondersteuners**

- Leerders wat enige buitemuurse sport- of kultuurgeleentheid as toeskouers of ondersteuners bywoon, moet die volgende dra:
  - Die volle skooluniform.
- Dit geld ongeag of die geleentheid plaasvind:
  - Op die skoolterrein, of
  - By 'n ander skool of lokaal.

4.4.3.7 **Nie-nakoming**

- Versuim om aan die sportkleredrag- en uniformreëls te voldoen, sal as 'n oortreding van die Gedragskode beskou word.
- Dissiplinêre stappe kan ooreenkomstig die skool se dissiplinêre prosedures geneem word.
- Versuim om die korrekte uniform te dra, kan daartoe lei dat leerders toegang geweier word of versoek word om die wedstryd te verlaat.

4.4.3.8 **LO-SPORTDRAG**

Leerders is verplig om die voorgeskrewe sportdrag tydens alle Lewensoriëntering (LO)-sportaktiwiteite te dra.

- Alle leerders moet die amptelike LO-sportdrag dra, wat bestaan uit:
  - Donkerblou kortbroek
  - Donkerblou dri-tec T-hemp met die LO skoolwapen
- Graad 9–12 leerders mag vir tyd-en wyl die amptelike Hoërskool Stellenberg sportdrag dra. Hierdie reëling sal oor 'n tydperk van drie jaar uitgefaseer word, waarna alle leerders die amptelike Lewensoriëntering sportdrag sal moet dra.
- **Die Gemstones T-hemp mag nie vir LO-sport of PT gedra word nie.**
- Geen nie-skool- of aangepaste sportdrag word toegelaat nie.
- Leerders moet reeds korrek aangetrek by LO-sport arriveer.
- Leerders moet onmiddellik ná LO-sport, tydens die vyfminute-pouse, weer hul volledige skooluniform aantrek.

Die versuim om aan die voorgeskrewe sportdrag te voldoen, kan dissiplinêre optrede tot gevolg hê ingevolge die skool se Gedragskode.

4.4.3.9 **DIE VOLGENDE ALGEMENE REëLS GELD DEURGAANS:**

- Alle kledingstukke moet duidelik gemerk wees.
- Die kleredrag voorgeskryf vir die onderskeie sportsoorte is verpligtend.
- Die dra van 'n skoolbaadjie en 'n das is verpligtend by saalbyeenkomstes en spesiale geleenthede.
- Wanneer skooldrag gedra word, bv. vir bywoning van sportwedstryde, moet dit volledig wees en nie met siviele drag gemeng word nie, tensy spesiale toestemming verleen is.
- Om veiligheidsredes mag geen leerder tydens skoolure in siviele drag op die skoolterrein of in die skoolgebou verskyn nie. Die enigste uitsondering geld vir voorafgereëlde "civvie"-dae.
- Geen sportskoene mag saam met formele skooldrag gedra word nie. Indien ander skoene gedra moet word, moet die leerder 'n skoolsweetpak aantrek. 'n Konsessie sal slegs in uitsonderlike gevalle uitgereik word deur die graadvoog met ontvangs van 'n brief van die ouer/voog ter verduideliking.
- Die winteruniform mag in die somer gedra word mits dit die volledige uniform is.
- Skoolpet - Mag slegs by sportgeleenthede saam met skooldrag gedra word.

4.4.3.10 **Matriektop**:

- Die dra van ‘n matriektop is ‘n voorreg en kan ontneem word indien ‘n leerder nie voldoen aan die vereistes van die skool se Gedragskode nie.
- Die ontwerp van die matriektop is onderhewig aan die finale goedkeuring van die skoolbestuur.
- Slegs die naam en/of van of voorletters en van wat op die skool se amptelike databasis verskyn mag op die matriektop gedruk word.

4.4.3.11 **TOEGEWINGS:**

- Slegs die amptelike informele baadjie mag binne en buite die gebou gedra word. Die bestaande formele baadjie word nie vervang deur die informele baadjie nie.
- Verbloemingsprodukte/sonblok met basiskleur kan met matigheid en natuurlik gebruik word met 'n geldige rede (bv. mediesgediagnoseerde velprobleme). Toestemming van die graadvoog word vereis.
- Naelverbloemingsprodukte met ‘n natuurlike basiskleur kan met matigheid gebruik word met 'n geldige rede (bv. ‘n naelprobleem). Toestemming van die graadvoog word vereis.
- Slegs die vlootblou kombersies, wat by die Stellenberg Klerewinkel te koop is, mag tydens die winterseisoen in die klaskamer gebruik word om leerders se bene warm te hou (Kwartaal 2 en 3).
- Slegs amptelike skoolserpe word gedurende die **winterseisoen** toegelaat (Kwartaal 2 en 3).

**LET WEL: Hierdie toegewings kan enige tyd opgeskort word.**

## 4.5. HANDBOEKE EN SKRYFBOEKE

Handboeke bly die eiendom van die skool en word aan leerders vir opvoedkundige doeleindes uitgereik. Leerders word verwag om volle verantwoordelikheid te neem vir die versorging, gebruik en veilige bewaring van alle boeke wat aan hulle uitgereik word.

### 4.5.1 Versorging van handboeke

- Handboeke moet versigtig hanteer word en altyd netjies en bruikbaar gehou word.
- Handboeke moet behoorlik oorgetrek word, en slegs deursigtige boekplastiek of voorafgesnyde plastiekbedekkings mag gebruik word.
- Geen skryf, teken, of inkleur in; en merk of ontsiering van handboeke word toegelaat nie.
- Handboeke mag nie geskeur, gebuig, gevou of aan skade blootgestel word as gevolg van misbruik, verwaarlosing of nalatige hantering nie.
- Leerders moet toesien dat handboeke teen water, kos, misbruik of verlies beskerm word.

### 4.5.2 Identifikasie van boeke

- Alle leerders moet sy/haar volle naam en van, graad en klas duidelik in ink (pen) skryf:
  - op die eerste bladsy van elke handboek, en
  - op die voorblad van alle skryf- en werkboeke.
- Boeke wat nie duidelik gemerk is nie, kan as verlore eiendom beskou word.

### 4.5.3 Verantwoordelikheid en berging

- Leerders is verantwoordelik daarvoor om te verseker dat alle vereiste handboeke, werkboeke en toerusting daagliks saam skool toe gebring word soos deur die rooster verlang.
- Boeke moet in ’n geskikte skoolsak vervoer en behoorlik gebêre word om skade te voorkom.
- Handboeke mag nie onbewaak gelaat of aan ander leerders uitgeleen word nie.

4.5.4 **Verliese of beskadiging**

- Verlore of beskadigde handboeke moet onmiddellik by die handboekkoördineerder aangemeld word.
- Leerders (of hul ouers/voogde) sal finansieel aanspreeklik gehou word vir die vervanging van enige handboek wat verlore raak, beskadig of ontsier word.
- Normale slytasie wat uit gewone en sorgvuldige gebruik voortspruit, sal afsonderlik oorweeg word.

4.5.5 **Terugbesorging van handboeke**

- Alle handboeke moet aan die skool terugbesorg word:
  - Aan die einde van die akademiese jaar, of
  - Wanneer ’n leerder die skool verlaat.
- Handboeke moet in ’n aanvaarbare toestand, soos deur die skool bepaal, teruggegee word.

4.5.6 **Nie-nakoming**

- Versuim om aan die reëls rakende handboeke en skryfboeke te voldoen, sal as ’n oortreding van die Gedragskode beskou word.
- Dissiplinêre optrede mag ingestel word ingevolge die skool se dissiplinêre prosedures.

**4.6. WAARDEVOLLE EN VERBODE ARTIKELS**

Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir **enige item wat aan ‘n leerder behoort** nie; dus word waardevolle artikels op die leerder se eie risiko asook dié van sy ouers/voogde skool toe gebring.

4.6.1 Verbode artikels:

- Aanstootlike en diskriminerende media, insluitend gedrukte, klank en elektroniese media.
- Wapens van enige aard, insluitend, maar nie beperk tot vuurwapens, messe, kettings, rekkers ("ketties"), skoktoestelle (“tazers”) en pepersproei nie. (Indien ‘n leerder in besit van pepersproei vir selfbeskerming is, moet ‘n toestemmingsbrief van die betrokke graadvoog ook in die leerder se besit wees.)
- Plofstowwe en brand- en plofbare items en -middels.
- Vuurhoutjies, sigaretaanstekers, tabakprodukte, e-sigarette en alkohol (Indien dit in besit van ‘n leerder gevind word, sal die ouers in kennis gestel word om ‘n afspraak met die graadvoog te maak vir die afhaal daarvan.)
- Enige onwettige middel / verbode middel.
- Stinkbomme of enige ander item wat algemene ongerief kan veroorsaak.

4.6.2 **Indien 'n leerder om 'n bepaalde rede (bv. 'n mondelingles) verbode middels soos genoem in 4.6.1 skool toe wil bring, moet skriftelike verlof vooraf by die graadvoog verkry word. Laasgenoemde sal bepaal onder welke omstandighede sodanige items skool toe gebring en op die skoolterrein bestuur moet word.**

**4.7 INTERAKTIEWE MULTIMEDIA en/of ELEKTRONIESE APPARATE**

4.7.1 Mag gedurende akademiese periodes vir opvoedkundige doeleindes gebruik word of met die uitdruklike toestemming en onder toesig van die opvoeder in beheer van daardie klas.

4.7.2 Wanneer ‘n leerder die elektroniese apparaat sonder die toestemming van die opvoeder gebruik, of die elektroniese apparaat ‘n steurnis in die klas veroorsaak, sal laasgenoemde versoek dat hierdie apparaat afgeskakel en op die opvoeder se tafel geplaas word.

4.7.3 Die leerder sal aan die einde van die periode die elektroniese apparaat by die opvoeder moet gaan haal en hy/sy sal VYF strafpunte kry.

4.7.4 Met ‘n tweede en daaropvolgende oortredings sal die toestel aan die leerder terugbesorg word, en VYF strafpunte sal toegeken word vir elke individuele oortreding.

4.7.5 Herhaaldelike selfoon- of aparaatoortredings sal as 'n daad van uittarting beskou word en 'n leerder mag in so ‘n geval van ernstige wangedrag aangekla word.

4.7.6 Mag nie gebruik word gedurende skoolfunksies of saalbyeenkoms nie. Indien wel, sal dieselfde prosedure geld as in 4.7.2.

4.7.7 Oorfone mag nie gebruik word nie. Vergunnings sal slegs tydens klastyd en pouse deur die klasonderwyser toegestaan word.

4.7.8 Luidsprekers mag nie sonder toestemming op die skoolterrein gebruik word nie.

## 4.8 KENNISGEWINGS

Geen omsendbriewe, pamflette, kennisgewings of soortgelyke materiaal mag sonder die skoolhoof (of sy/haar gedelegeerde) se toestemming op die skoolterrein versprei of opgeplak word nie.

## 4.9. SKOOLEIENDOM

- Geen skooleiendom mag beskadig, bemors of verwyder word nie.
- Skoolsakke word nie op lessenaars of vensterbanke geplaas nie en word só gedra dat dit nie die oppervlak van mure, deure, deurkosyne en kaste beskadig nie.
- In die geval van verlies of beskadiging van enige skooleiendom sal vervangingskoste of skadevergoeding van die leerder se ouers of voogde verhaal word.

## 4.10. SKOOL- EN KLASBYWONING

In ooreenstemming met die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) se Beoordeling van Leerderprestasie, Bevorderings- en Vorderingvereistes, is gereelde en stiptelike skoolbywoning verpligtend, aangesien afwesigheid en laatkomgedrag ’n direkte invloed het op leerderassessering, vordering en bevordering.

- Afwesigheid van enige toets, eksamen of assessering sal slegs as geldig beskou word indien dit ondersteun word deur ’n mediese sertifikaat of ander aanvaarbare dokumentasie, soos vereis deur die WKOD se assesserings- en bevorderingsregulasies.
- Leerders wat laat by die skool aankom, moet eers by sekuriteit by die hoofhek aanmeld. Daarna moet hulle by Leerderontvangs aanmeld en ’n geldige en aanvaarbare rede vir hul laat aankoms verskaf.
- Leerders wat nie tydens die amptelike administratiewe (register-) periode teenwoordig is nie, sal as afwesig aangeteken word en ’n e-poskennisgewing sal aan ouers gestuur word, ongeag of voorafreëlings gemaak is.
- Herhaalde afwesigheid of laatkom kan ’n negatiewe uitwerking op ’n leerder se geskiktheid vir bevordering of vordering hê, in ooreenstemming met die WKOD se bevorderingskriteria.

## 4.11. UITTEKEN VAN LEERDERS

### 4.11.1. Algemene reël

Die skoolowerheid verleen nie toestemming aan leerders om die skoolperseel gedurende die skooldag te verlaat nie, behalwe onder voorafgoedgekeurde en behoorlik gemotiveerde omstandighede soos hieronder uiteengesit. Dit sluit leerders in wat soggens by die skool afgelaai word: sodra hulle die skoolterrein betree het, word van hulle vereis om vir die **volle duur van die skooldag** binne die grense van die skool te bly. Leerders mag nie tydens pousetye die skoolperseel verlaat nie.

### 4.11.2. Beplande vroeër vertrek

Indien ’n ouer of voog ’n leerder gedurende die skooldag wil laat vertrek, moet die volgende prosedure gevolg word:

- ‘n E-posversoek moet een dag voor die beoogde uitteken aan die Graadhoofde en die Leerdersekretaresse gestuur word.
- Nadat hierdie versoek aangeteken is, moet die leerder ’n uittekenbriefie by sy/haar Graadhoof of by Leerderontvangs gaan haal.
- Die leerder moet dan sy/haar besonderhede op die briefie invul en dit deur alle vakonderwysers wie se klasse die leerder sal mis, laat teken.
- Sodra alle handtekeninge verkry is, moet die briefie vir finale goedkeuring aan die Graadhoof terugbesorg word.
- Die leerder moet daarna by Leerderontvangs aanmeld, waarna ‘n personeellid Sekuriteit van die vroeër vertrek sal inlig.
- Leerders sal slegs toegelaat word om die skoolperseel tydens eerste of tweede pouse te verlaat.

### 4.11.3. Noodgevalle

In gevalle van nood - soos wanneer ’n leerder gedurende/tussen periodes siek word - kan uitsonderings gemaak word. Leerders sal gehelp of behandel word soos nodig, en die skool sal die ouer of voog kontak indien uitteken vereis word.

4.11.4. **Aanspreeklikheid**

Leerders verlaat die skoolperseel **op eie risiko**, en die skool kan nie aanspreeklik gehou word vir enige voorval wat plaasvind nadat die leerder uitgeteken en die skoolperseel verlaat het nie.

**4.12. VOERTUIE**

4.12.1. **Fietse**

- Fietse word op eie risiko op die terrein parkeer.
- Toegang tot die terrein is beperk tot die hoofhek in Mountain Viewrylaan.
- Fietse mag nie op die skoolterrein gery word nie.
- Fietse word te alle tye in fietsrakke geplaas en behoort gesluit te word.
- Geen leerder word tydens die skooldag tussen die fietse toegelaat nie.

4.12.2. **Skaatse**

- Geen vorm van skaatse of skaatsplanke word op die skoolterrein toegelaat nie.

4.12.3. **Motors**

- Geen leerder mag ‘n motor op die skoolterrein parkeer of bestuur nie.

4.12.4. **Motorfietse**

- Sluitkassies kan gehuur word. Leerders sluit valhelms (wat op eie risiko gestoor word) met hul eie slotte vas.
- Motorfietse mag slegs op aangewese parkeerareas geparkeer word binne die skool se perseel.
- Motorfietse word op eie risiko gery en geparkeer.
- Leerders mag nie motorfietse op die skoolterrein ry nie.

**4.13. BUITEMUURS**

- Versuim om vir 'n aktiwiteit aan te meld, word in 'n ernstige lig beskou.
- Die drag, soos voorgeskryf vir die onderskeie aktiwiteite, is verpligtend.
- Geen sporttoerusting wat aan die skool behoort, mag buite skoolure op die skoolterrein of
- elders gebruik word sonder die toestemming van die onderwyser in beheer daarvan nie.
- Die speel van gholf en nieskoolsportsoorte op die sportvelde is verbode.
- Leerders wat die tennisbane gebruik, moet tennisdrag en die korrekte skoene aanhê.
- Leerders mag nie die krieketkolfblad sonder toesig van 'n onderwyser gebruik nie.
- Geen vereniging, klub of groep mag gestig of ontbind word sonder die goedkeuring van die skoolhoof nie.

## 5. TUGSISTEEM

**Die skool sal voorkomingsstrategieë, proaktiewe advies, berading, toepaslike strafmaatreëls en regstellende stappe uiteensit en implementeer om dissipline, leer en welsyn in die hele skoolgemeenskap te ondersteun.**

**Indien 'n oortreding begaan word en redelike bewys daarvoor bestaan, sal daar volgens die skool se interne tugsisteem teenoor leerders opgetree word. Die oortredings word in die volgende kategorieë op die aanmeldingsvorm aangetref:**

**GEDRAGSOORTREDINGS**

**KATEGORIE 1 (VYF strafpunte per oortreding)**
**Oortredings**

5.1.1 Laat vir skool/klas/nie-akademiese periodes sonder ‘n geldige verskoning.
5.1.2 Huiswerk nie gedoen of skooldokumente nie ingehandig nie.
5.1.3 SBA – nie betyds ingehandig nie.
5.1.4 Selfoon- of elektroniesetoesteloortredings.
5.1.5 Onbevredigende voorkoms of gedrag.
5.1.6 Oortreding van terreinbeperkings
5.1.7 Handboeke nie oorgetrek nie.

**Proses**

- Hierdie oortredings word op die oortredingsvorm aangeteken, en deur beide die Opvoeder en die Leerder onderteken.
- Dit is die Opvoeder se verantwoordelikheid om die voltooide vorm aan die Graadvoogde te gee.
- Die oortreding word elektronies aangeteken en die oorspronklike vorm word aan die betrokke Graadvoogde vir rekorddoeleindes gegee.
- Die Opvoeder moet bewys/rekord hou van vooraf waarskuwings.
- Graadvoogde sal gereelde laatkommers met Ouers opvolg.

**KATEGORIE 2 (TIEN strafpunte per oortreding)**
**Oortredings**

5.2.1. Oneerlikheid.
5.2.2. Ongeskikte optrede teenoor gesagsfigure en/of die skool.
5.2.3. Onvanpaste gedrag.
5.2.4. Gebruik van beledigende of vuiltaal.
5.2.5. Onregmatige uitdaging van gesag.
5.2.6. Rommelstrooiery.
5.2.7. Onvanpaste kubergedrag (bv. Soos gelys in Kategorie 1 & 2)

**Proses**

- Hierdie oortredings word deur die opvoeder of graadhoof hanteer en word deur beide die leerder en die opvoeder of graadhoof onderteken.
- Oneerlikheid tydens formele assessering sal deur die SAIC (akademiese kantoor) hanteer word.
- Die opvoeder is verantwoordelik om die voltooide vorm by die betrokke graadhoofde in te dien.
- Die oortreding sal elektronies aangeteken word, en die oorspronklike vorm sal vir rekordhouding bewaar word.

**KATEGORIE 3 (TIEN strafpunte en gemeenskapsdiens per oortreding)**
**Oortredings**
5.3.1 Rook/in die teenwoordigheid van rokers/poging tot rook/besit van rookmateriaal.
5.3.2 Ongemagtigde afwesigheid van skool / klas / nie-akademiese periodes.
5.3.3 Vandalisme/grafitti.
5.3.4 Diskriminasie.
5.3.5 Viktimisasie/intimidasie/afknouery. (Verbaal, fisiek of emosioneel.)

**Proses**
- Hierdie oortredings word deur die graadvoog of deur ‘n meer senior bestuurslid hanteer.
- ‘n Leerder wat gevang word vir rook op die skoolterrein, of terwyl hy/sy die skool verteenwoordig of in skooldrag geklee is, sal TIEN strafpunte kry en gemeenskapsdiens opgelê word.
- ‘n Leerder wat detensie of gemeenskapsdiens twee maal sonder ‘n geldige verskoning mis, word verwys vir ‘n interne dissiplinêre verhoor.
- Die ouer/voog is verantwoordelik vir die koste vir herstel van enige skade aangerig.

**KATEGORIE 4 (20 strafpunte en detensie per oortreding.)**
**Let wel:**
Leerders wat hulle skuldig maak aan ernstige wangedrag (kategorie 4-oortreding) mag nie hulself verkiesbaar stel vir die studenteraad in die SR-dienstermyn wat na die oortreding volg nie.
**Oortredings**
5.4.1 Diefstal.
5.4.2 Misbruik/gebruik/verspreiding van/handel in en besit van alkohol, steroïede, opkikkers en/of verbode middels.
5.4.3 Kriminele oortreding.
5.4.4 Erge vandalisme.
5.4.5 Enige rituele/aktiwiteite wat erge skade aan enige ander persoon, die skool se eiendom of die skool se goeie naam tot gevolg het.
5.4.6 Die besit van wapens wat ernstige liggaamlike skade kan veroorsaak, insluitend maar nie beperk tot vuurwapens, klappers en jagmesse nie.
5.4.7 Onvanpaste seksuele gedrag/immorele gedrag/seksuele teistering.
5.4.8 Aanranding (fisiek en verbaal).
5 4 9 Rassisme.
5.4.10 Erge vorme van viktimisasie en intimidasie.
5.4.11 Herhaalde aggressiewe en/of afwykende gedrag.
5.4.12 Miskenning van die Gedragskode.
5.4.13 Kuberwangedrag (bv. Soos gelys in Kategorie 3 & 4).
5.4.14 Die besit, gebruik of verspreiding van enige ongemagtigde assesserings (toets/eksamen/opdrag).
5.4.15 Die verskaf van valse inligting/vervalsing van dokumentasie.

**Proses**
- Hierdie oortredings word deur die graadvoog in samewerking met ‘n senior bestuurslid hanteer.
- ‘n Volledige ondersoek moet gedoen word en die ouers moet so spoedig moontlik van die beweerde oortreding ingelig word..
- Die skoolhoof of sy/haar verteenwoordiger mag die saak na ‘n interne dissiplinêre komitee of na die tribunaal van die beheerliggaam vir oorweging verwys – soos aangedui deur van die Suid-Afrikaanse Skolewet.
- Die skool sal voorkomingsstrategieë, proaktiewe advies, berading, toepaslike strafmaatreëls en regstellende stappe uiteensit en implementeer om dissipline, leer en welsyn in die hele skoolgemeenskap te ondersteun.
- Die Gedragskode bepaal hieronder hoe ondersoeke, kruisondervraging en herondervraging tydens dissiplinêre verhore hanteer moet word, in ooreenstemming met provinsiale regulasies.

- Waar ’n leerder wat minderjarig is as getuie optree, sal die skool aandui wanneer ’n bevoegde persoon as tussenganger gebruik mag word.
- ’n Leerder moet tydens dissiplinêre verrigtinge deur sy/haar ouer of ’n persoon wat deur die ouer aangewys is, vergesel word. Die Gedragskode dui aan wat as ‘n “goeie rede” beskou word vir die Beheerliggaam om voort te gaan met verrigtinge in die afwesigheid van die ouer of aangewysde persoon.
- Ondersteuningsmaatreëls en strukture vir berading moet beskikbaar gestel word aan ’n leerder wat by dissiplinêre verrigtinge betrokke is.
- Die Gedragskode bevat bepalings wat behoorlike regsproses beskerm, insluitend ’n billike verhoor as ‘n sanksie voordat ’n leerder deur die beheerliggaam geskors word of vir uitsetting na die Departementshoof verwys word, soos volgens die toepaslike provinsiale regulasies.
- Indien ’n leerder hom-/haarself skuldig maak aan beweerde ernstige wangedrag tydens ’n skooltoer of -ekskursie, behou die skool die reg voor om, na oorlegpleging met die hoof van sport of kultuur, ’n besluit te neem om die leerder op eie onkoste huis toe te stuur hangende ’n dissiplinêre verhoor. Alle toer- of ekskursiekoste mag dan verbeur word.

**Dissiplinêre verhore**
Die skool volg die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996) en die Wes-Kaapse Regulasies rakende die dissiplinering, skorsing en uitsetting van leerders (15 Desember 2011). Hierdie reëls verseker dat alle dissiplinêre aangeleenthede billik en wettig hanteer word.

**Wanneer word ’n dissiplinêre verhoor gehou?**
’n Formele dissiplinêre verhoor word gehou wanneer ’n leerder van **ernstige wangedrag** beskuldig word.
Die aangeleentheid word na die **Skoolbeheerliggaam (SBL)** verwys, wat as dissiplinêre tribunaal ingevolge **Regulasie 6** van die Wes-Kaapse Regulasies, optree.

**Leerder- en ouerregte word soos volg (volgens Regulasie 6) opgesom:**
Ouer(s) en leerders het die reg om:
- ’n Skiftelike kennisgewing van die verhoor te ontvang
- Ingelig te word oor die klagtes
- Genoëg tyd te hê om voor te berei
- Saam die verhoor by te woon
- Verteenwoordig te word deur ’n persoon van hul keuse (insluitend ’n regsverteenwoordiger)
- Hul kant van die saak te stel en vrae te stel.

**Moontlike uitkomste**
**Voorlopige skorsing**
- Kan vir tot 7 skooldae toegepas word terwyl die saak ondersoek word
- Word slegs in ernstige gevalle gebruik
- Beteken nie dat die leerder skuldig is nie

**Skorsing**
- ’n Tydelike verwydering uit die skool
- Mag slegs ná ’n billike verhoor opgelê word
- Die SBL kan skorsing vir tot 7 skooldae aanbeveel

**Uitsetting**
- ’n Permanente verwydering uit die skool
- Slegs die Departementshoof van die WKOD mag uitsetting goedkeur
- Die SBL mag uitsetting slegs ná ’n billike verhoor aanbeveel

**Wat is ernstige wangedrag?**

'n Leerder kan aan ernstige wangedrag skuldig bevind word indien hy of sy hom/haar aan enige van die volgende skuldig maak:

**Kriminele of onwettige optrede**

Ernstige wangedrag sluit onder andere in:

- Skuldigbevinding deur 'n hof aan 'n kriminele oortreding.
- Die besit, gebruik of verspreiding van dwelmmiddels; of onder invloed wees van dwelmmiddels of bedwelmende drank gedurende skoolaktiwiteite of op skoolpersele.

**Geweld, dreigemente en skade**

Die volgende gedrag word as ernstige wangedrag beskou:

- Aanranding van enige leerder, opvoeder of personeellid.
- Dreigemente, intimidasie of om iemand in gevaar te stel.
- Ernstige ongehoorsaamheid (growwe insubordinasie).
- Ernstige immorele gedrag.
- Enige handeling wat onderrig of leer ernstig ontwrig, bedreig of belemmer.

**Wangedrag teenoor personeel of leerders**

Leerders pleeg ernstige wangedrag wanneer hulle:

- Die waardigheid van 'n opvoeder, personeellid of leerder beledig of skaad.
- Enige persoon seksueel teister.
- Hulself skuldig maak aan gedrag wat die behoorlike funksionering van die skool belemmer.

**Akademiese oneerlikheid**

Die volgende word as ernstige wangedrag beskou:

- Oneerlikheid tydens enige toets of eksamen.
- Die verspreiding van toets- of eksamenmateriaal om 'n onregverdige voordeel te verkry of te verskaf.
- Die verskaffing van valse inligting of die vervalsing van dokumentasie vir persoonlike voordeel.

**Besit of verspreiding van verbode materiaal**

Die volgende handelinge word as ernstige wangedrag beskou:

- Die besit van of verspreiding van pornografiese materiaal.
- Die besit van gevaarlike voorwerpe of wapens, soos algemeen in skooldissiplinêre riglyne aanvaar word.

**Bywoningsverwante wangedrag**

Herhaalde afwesigheid sonder toestemming van die skool of klasse (skoolversuim), ondanks toepaslike ingrypings.

*Elke geval word individueel oorweeg, met behoorlike inagneming van die leerder se ouderdom, omstandighede en beste belange.*

**Na die verhoor**

- Die SBL oorweeg alle getuienis en neem 'n billike besluit
- Ouer(s) word skriftelik in kennis gestel
- Aangeleenthede wat skorsing of uitsitting vereis, word waar toepaslik na die WKOD verwys

**Ons verbintenis**

Die skool en die Beheerliggaam verbind hulle tot:

- Billikheid en deursigtigheid
- Respek vir leerders se regte en waardigheid
- Optrede in die beste belang van leerders en die skoolgemeenskap

**5.5 Tugprosedure**

5.5.1 **Indien strafpunte opgelê is:**

- Skriftelike kommunikasie aan ouers/voogde om hulle in te lig dat 'n dissiplinêre aantekening huis toe gestuur word (SMS/e-pos).

5.5.2 **Indien 25 strafpunte opgelê is:**

- Graadhoof kontak ouers.
- Ouers/voogde word ingelig dat leerdervoorregte (juniorbal, seniorbal, graaddae, "civvie"-dae, matriekafskeid, dra van matriektopps, ens.) opgeskort kan word.

5.5.3 **Indien 30 strafpunte opgelê is:**

- Ouers/voogde word ingelig dat die leerder detensie sal sit en 'n eerste formele waarskuwing sal ontvang indien verdere oortredings plaasvind.

Indien 'n leerder 'n detensie sonder 'n geldige verskoning mis, sal die gemisde detensie plus 'n addisionele detensie toegeken word. Herhaling van hierdie oortreding sal lei tot 'n interne tugverhoor.

5.5.4 **Indien 60+ strafpunte opgelê is:**

- Ouers/voogde en leerder woon 'n interne dissiplinêre gesprek by.
- Tweede formele waarskuwing en verdere detensie.
- Sanksie soos opgelê tydens die gesprek bv. skriftelike voorleggings, tydelike skorsing, opskorting van voorregte, tuisstudie tydens eksamentye.

5.5.5 **Verdere oortredings:**

- Optrede word deur die bestuur bepaal.

5.5.6 **Opskorting van voorregte:**

Die volgende voorregte kan tydens 'n interne dissiplinêre gesprek ontneem word, hetsy tydelik of permanent, as deel van die dissiplinêre prosedure:

- dra van die matriektop;
- bywoning van sosiale funksies (kan ook matriekafskeid insluit);
- deelname aan "civvie"-dae;
- deelname aan skooluitstappies.

5.5.7 **Leerders wat reeds skriftelike waarskuwings ontvang het in die vorige jaar:**

(Oortredings binne die eerste ses maande vanaf vorige waarskuwing)

- **Eerste formele waarskuwing:**
  15 punte grasie.
  Ouers/voogde en leerder woon onderhoud met graadvoog by.
  Detensie word teen leerder opgelê.
  Tweede formele waarskuwing word uitgereik.
- **Tweede formele waarskuwing:**
  15 punte grasie.
  Sms aan ouers om te sê tugrekord word gestuur.
  Tugrekord aan ouers.
  Ouers onderteken en stuur terug.
  Derde formele waarskuwing volg op verdere oortredings.
- **Finale waarskuwing:**
  Optrede word deur die bestuur bepaal.

## 5.6 ALGEMEEN

### 5.6.1 Afwykende gedrag

In ooreenstemming met Artikels 8 en 9 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996, kan anti-sosiale gedrag, volgehoue aggressiewe optrede, emosioneel onstabiele gedrag, of enige ander wangedrag wat die waardes, dissipline of veiligheid van die skool ondermyn, na die Skoolbestuur en die Skoolbeheerliggaam verwys word. Ná 'n billike dissiplinêre proses kan sulke wangedrag tot dissiplinêre stappe lei, insluitend skorsing of uitsetting.

### 5.6.2 Optrede om die naam van die skool in oneer te bring

Die skool behou die reg voor om dissiplinêre verrigtinge in te stel teen enige leerder wie se gedrag die skool benadeel of die naam van die skool in oneer bring, onderhewig aan 'n billike dissiplinêre proses en behoorlike regsprosedure soos voorgeskryf deur Artikel 8 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996.

### 5.6.3 Die Interne Dissiplinêre Komitee kan bestaan uit:

Die skoolhoof, BL – dissiplinêre hoof, adjunkhoofde, hoof: leerderondersteuning, 'n SR-lid (indien nodig), graadvoogde en/of 'n betrokke opvoeder.

### 5.6.4 Deursoeking en beslaglegging

In ooreenstemming met Artikel 8A van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996, mag die skool 'n leerder of die leerder se besittings deursoek - waar daar redelike gronde bestaan om te vermoed dat 'n leerder in besit is van 'n verbode middel of gevaarlike voorwerp.

- Deursoeking mag uitgevoer word deur 'n aangewysde persoon, wat 'n lid van die skoolbestuurspan, 'n veiligheidsbeampte, of 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens kan wees, mits dit binne die raamwerk van die wet geskied.
- Die deursoeking sal beperk wees tot die leerder se besittings, insluitend sakke en sluitkaste, en sal op 'n redelike en waardige wyse uitgevoer word wat die leerder se privaatheid respekteer.
- Waar uitvoerbaar, sal die deursoeking in die teenwoordigheid van die leerder, 'n persoon van die leerder se keuse, en 'n tweede volwasse getuie uitgevoer word.
- Enige verbode middel of gevaarlike voorwerp wat gevind word, mag gekonfiskeer word en ooreenkomstig die wet hanteer word; insluitend oorhandiging aan die toepaslike owerhede soos vereis.
- Ouers of voogde sal so gou as redelikerwys moontlik ná voltooiing van die deursoeking, in kennis gestel word.

### 5.6.5 Appél teen strafpunte

Leerders mag binne 24 uur skriftelik teen strafpunte,wat teen hulle aangeteken is, appelleer. Appélle word hanteer deur ten minste twee onpartydige bestuurslede en 'n graadvoog soos aangewys deur die hoof van dissipline of die skoolhoof. Skriftelike terugvoering moet binne een werksweek geskied.

## 6. VERBODEMIDDELEBELEID

Die doelwit van die skool se beleid is om te verklaar dat alle lede van die skoolgemeenskap (leerders, opvoeders, ouers, beheerliggaam) in woord en daad die ongepaste gebruik van alkohol en/of ander verbode middele afkeur. (Van hier hanteer onder die term 'misbruik'.)

Terwyl die skool die standpunt aanvaar dat chemiese afhanklikheid 'n primêre chroniese en progressiewe werklikheid is, is dit ons mening dat middelemisbruik 'n onaanvaarbare praktyk is en dat 'n gesonde, middelevrye lewe te alle tye gepropageer en aangemoedig moet word.

Die skool het 'n verantwoordelikheid teenoor beide die middelemisbruiker en ander leerders. 'n Balans moet dus gehandhaaf word tussen bystand aan die middelemisbruiker en die beskerming van die regte en die welsyn van ander leerders.

Hierdie beleid is 'n eerlike poging om 'n leerder in krisis vroegtydig te identifiseer, en wil viktimisering vermy. Terwyl 'n patroon van aanwysers ondersoek sal word en toepaslik hanteer sal word, sal ongestaafde gerugte nie aanvaar word nie.

Nietemin, in gevalle waar die leerder en/of sy/haar ouers/voogde nie gebruik wil maak van die hulp wat aangebied word in ooreenstemming met hierdie beleid nie, sal die skool geen ander keuse hê nie as om enige nodige stappe te neem om die skool, en die regte van leerders te beskerm. Hierdie stappe mag skorsingprosedures en/of uitsetting of strafregtelike aanklagte insluit.

Die skool behou die reg om volgens hierdie beleid stappe te neem as 'n leerder verbode middele gebruik.

Geselekteerde personeellede, wat spesifieke opleiding ontvang het op die gebied van middelemisbruik, sal dwelmverwante ondersoeke hanteer en ander kenners en kundiges inroep indien nodig.

Elke geval sal konfidensieel hanteer word. Ouers/voogde sal ingelig word en daar sal van hulle verwag word om sover moontlik betrokke te wees. Ouers/voogde sal verantwoordelik wees vir enige onkostes aangegaan tydens 'n middeleverwante insident (assessering, behandeling, terapie, rehabilitasie ens.), tensy alternatiewe reëlings met die skool getref is.

Skoolbeleid is gekant teen beide die ongepaste gebruik van wettige middele en die besit of gebruik van onwettige middele.

**Hierdie beleid geld:**

- op die skoolgronde, of in die nabye omgewing van die skoolterrein;
- op skooluitstappies, skooltoere of enige skoolfunksie ongeag of die leerder 'n skooluniform dra of nie;
- wanneer ookal 'n leerder geïdentifiseer kan word as 'n lid van die skoolgemeenskap;
- wanneer dit die leerder of sy/haar skoollewe enigsins affekteer.

### 6.1. Standpuntuiteensetting

**Die skool laat:**

- leerders nie toe om verbode middele te gebruik nie;
- nie die ongehoorde gebruik (afwyking van soos bepaal deur vervaardiger/apteker/mediese dokter) van voorgeskrewe of nievoorgeskrewe middele/medikasie toe nie;
- nie die ongehoorde gebruik van oplosmiddels, snuifmiddels, en/of ander chemiese middels toe nie;
- nie toe dat alkolholiese drank op die terrein gebring en/of gebruik word nie;
- nie toe dat tabak en ander middele gerook word nie;
- nie toe dat leerders dwelmverwante bybehore (sigaretpapier, pype ens.) in hulle besit het nie;
- nie enige vorm van wangedrag, wat spruit uit die gebruik van alkohol en/of ander middele, toe nie.

Die **gevolge** van die oortreding van hierdie vereistes kan insluit, maar (afhangende van individuele omstandighede), is nie beperk tot een of almal van die volgende nie:

- dissiplinêre verhoor;
- die opstel van 'n kontrak tussen al die betrokke partye (leerder, ouers/voogde en skool);
- gepaste dissiplinêre aksie en/of rehabilitasie;
- skorsing en/of uitsetting van die leerder.

6.2. **Definisies**

**Dwelms:**

Enige middel wat die manier waarop die liggaam en/of brein funksioneer, verander. Dit sluit in, maar word nie beperk tot die volgende nie:

- wettige, voorgeskrewe oor-die-toonbank medikasie wat anders gebruik word as soos bepaal deur die vervaardiger/apteker/mediese dokter. Dit sluit in maar is nie beperk tot dosis en metode van aanwending nie;
- tabak en alkohol;
- oplosmiddels, petrol, chemiese middels;
- middels, soos alkohol, opiate, methaqualone, dagga (cannabis), amfetamien, metamfetamien ens.

**Handeldryf:**

Die verkoop, uitruil, omruil, voorsiening, verspreiding, handeldryf in bogenoemde middels.

6.3. **Voorkoming**

**Die skool onderneem om:**

- inligting en opleiding aan onderwysers en leerders beskikbaar te stel;
- organisasies en individue van buite, wat deur die bestuur van die skool goedgekeur is, te betrek;
- die totstandkoming van positiewe portuurgroepe te ondersteun;
- 'n gesonde, dwelmvrye lewe deur woord en daad te ondersteun.

6.4. **Toetsing**

Wanneer 'n senior onderwyser vermoed dat 'n leerder onder die invloed van 'n verbode middel is en/of dit gebruik, mag die leerder na 'n aangestelde persoon vir 'n urinetoets gestuur word. Ouers sal in kennis gestel word indien dit plaasgevind het.

6.5. **Handeldryf en/of besit**

Indien daar 'n redelike vermoede bestaan dat 'n leerder in besit is van, of handeldryf met verbode middele, sal die volgende aksies, ongeag die hoeveelheid betrokke, in die teenwoordigheid van ten minste een getuie geskied:

- Die leerder sal so gou moontlik ingeroep word en van sy/haar wetlike regte van verteenwoordiging ingelig word.
- Die leerder sal van die bewyse ingelig en 'n redelike kans gegun word om sy/haar saak te stel.
- Indien die leerder skuld erken, sal hy/sy versoek word om die onwettige middel te oorhandig.
- Ongeag of die leerder skuld erken of nie, sal die ouers so gou moontlik ingelig word.
- Indien die leerder skuld ontken, maar die vermoede steeds bestaan dat die leerder skuldig is, sal die leerder sowel as sy/haar ouers/voogde vyf werkdae skriftelike kennisgewing kry van 'n dissiplinêre gesprek deur die beheerliggaam.
- Indien die leerder by die dissiplinêre verhoor skuldig bevind word, het die beheerliggaam die opsie om, afhangend van die erns van die situasie, die leerder óf sewe dae lank te skors of om uitsetting by die WKOD aan te beveel.
- Normale regte tot appèl sal vir die beheerliggaam sowel as die WKOD se besluit geld.
- Alle bewyse kan aan die relevante polisie-owerhede vir verdere ondersoeke, wat kriminele vervolging mag insluit, oorhandig word.
- Die skool behou die reg om die SAPD by enige aangeleentheid rakende misdaad, gevaarlike/verbode wapens en middele te betrek en in hul hande te laat.
- Indien 'n leerder enige van bogenoemde stipulasies verbreek of indien 'n leerder positief toets vir enige onwettige middel, kan 'n dissiplinêre verhoor deur die beheerliggaam volg. Uitsetting kan aanbeveel word aan die WKOD. Normale regte van appèl geld vir beide die beheerliggaam- of WKOD-besluit.

6.6. **Steroïde en verbode opkikkers:**
Sal volgens die verbode middelebeleidhanteer word. Die riglyne van “South African Institute for Drug-Free Sport” (SAIDS) sal gevolg word.

## 7. SEKSUELE TEISTERING

### 7.1. Definisie

Seksuele teistering is enige vorm van onwelkome gedrag van ’n seksuele aard wat die waardigheid van ’n persoon skend en ’n intimiderende, vyandige, afbrekende, vernederende of aanstootlike omgewing skep. Seksuele teistering sluit, maar is nie daartoe beperk nie, die volgende in:

- Enige onwelkome, onvanpaste of suggestiewe opmerkings, gebare, houdings, fisiese dade, kontak, of elektroniese kommunikasie (insluitend boodskappe, beelde of sosiale media-inhoud) wat deur die ontvanger as negatief ervaar word.
- Herhaalde en/of onwelkome seksuele toenaderings, insluitend suggestiewe staar of loer, onwelvoeglike blootstelling, verbale versoeke vir seksuele gunsies, of die aanbied van seksuele gunsies.
- Dreigemente, dwang of intimidasie van ’n seksuele aard.
- Enige uitdruklike seksuele uitspraak, gedrag, houding, fisiese daad, kontak of elektroniese kommunikasie wat vir die ontvanger onaanvaarbaar is, ongeag die bedoeling.

Seksuele teistering kan tussen leerders onderling of tussen leerders en personeellede voorkom.

### 7.2. Skoolstandpunt

- Die skool is gekant teen enige vorm van seksuele teistering.
- Seksuele teistering word as ernstige wangedrag en/of ’n oortreding beskou.
- Alle leerders en personeellede het die reg om met waardigheid, respek en billikheid behandel te word in ’n veilige skoolomgewing.
- Gepaste stappe sal gedoen word wanneer die skool in kennis gestel word van ’n beweerde voorval van seksuele teistering.

### 7.3. Prosedures en aksie

#### 7.3.1. Rapportering

- Enige beweerde voorval of klagte van seksuele teistering kan by enige personeellid aangemeld word.
- Die personeellid moet verseker dat die klagte op Vorm 22 aangeteken en sonder verwyl aan die **skoolhoof** gerapporteer word.

#### 7.3.2. Aanvanklike hantering

- Die skoolhoof sal die aangemelde bewering op ’n sensitiewe, vertroulike en onpartydige wyse ontvang en aanhoor.
- Alle bewerings sal met die nodige erns en sensitiwiteit hanteer word, asook met die nodige inagneming van die regte van alle betrokke partye.

#### 7.3.3. Ondersoek

- Alle beskuldigings van seksuele teistering sal formeel ondersoek word in ooreenstemming met die skool se beleid en die toepaslike wetgewing.
- Waar slegs leerders betrokke is, sal die aangeleentheid na die skool se dissiplinêre komitee verwys word.
- Waar ’n leerder en ’n opvoeder of personeellid betrokke is, sal die aangeleentheid na die toepaslike onderwysowerheid verwys word vir verdere optrede.

7.3.4. **Eksterne owerhede**

- Die skool behou die reg voor om die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD), Badisa en/of die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) by enige geval van seksuele teistering of ’n seksuele misdryf te betrek.
- Waar toepaslik, kan sodanige aangeleenthede aan hierdie owerhede oorhandig word om ooreenkomstig die wet hanteer te word.

7.3.5. **Regte van die slagoffer**

- Die slagoffer het die reg om kriminele en/of siviele stappe in sy/haar persoonlike hoedanigheid teen die beweerde oortreder in te stel.
- Die skool sal nie hierdie reg belemmer of die uitoefening daarvan ontmoedig nie.

7.3.6. **Dissiplinêre gevolge**

’n Bevinding van skuld of skuldigbevinding aan seksuele teistering kan tot **ernstige dissiplinêre optrede** lei, wat **skorsing, uitsetting of ’n aanbeveling vir uitsetting** kan insluit, in ooreenstemming met toepaslike wetgewing en WKOD-prosedures.

## 8. MIV- EN VIGSBELEID

Die onderstaande beleid is die amptelike beleid ten opsigte van VIGS soos goedgekeur deur die beheerliggaam.
Dit sal met die ander beleidsdokumente deel van die Gedragskode van die skool vorm.
Die beleid erken elke individu se reg op gelykheid en sy reg op basiese onderwys.

- Geen leerder sal toegang tot die skool geweier word op grond van sy/haar MIV-status nie.
- Daar sal teen geen leerder op grond van sy/haar MIV-status gediskrimineer word nie.
- Daar sal van geen leerder verwag word om sy/haar status bekend te maak nie. Indien die ouer(s) en/of leerder self die inligting verstrek, sal dit vertroulik hanteer word.
- Die skool eerbiedig die voorskrif van die nasionale beleid oor die bestuur van VIGS en sal van geen leerder vereis om hom/haar vir die siekte te laat toets nie.

**Voorkoming van MIV-oordrag**

- Alle bloed en liggaamsvloeistowwe moet hanteer word asof dit met MIV besmet is.
- Waar oop wonde behandel word, moet die persoon wat hulp verleen mediesgoedgekeurde handskoene dra.
- Oppervlaktes wat met bloed besmet is, moet met ‘n bleikmiddeloplossing gewas word.
- Alle wonde moet met ‘n ontsmettingsmiddel skoongemaak word en met ‘n bedekking verseël word.
- Mediesgoedgekeurde handskoene sal in elke klaskamer beskikbaar wees en die betrokke partye sal ingelig wees oor die berging.
- ‘n Volledige noodhulpstel sal beskikbaar wees.

## 9. TIENERSWANGERSKAP

Die bestuur en beheerliggaam van Hoërskool Stellenberg is ten sterkste gekant teen seksuele aktiwiteite en swangerskap onder leerders.

**Tienerswangerskappe word volgens WKOD-beleid hanteer wat insluit dat:**

- die WKOD in kennis gestel word;
- die beheerliggaam in kennis gestel word;
- ‘n ooreenkoms tussen die skool, leerder en ouers/voogde onderteken word.

**10. DIE HANDVES VAN MENSEREGTE,** soos opgestel deur die Menseregtekommissie, word deur die Gedragskode erken.

## 11. GEBRUIK VAN ELEKTRONIESE TOESTELLE EN SOSIALE MEDIA

### 11.1. Elektroniese toestelle tydens akademiese t\gyd

#### 11.1.1. Graad 8 en 9

- Leerders in Graad 8 en 9 moet slegs die elektroniese toestel gebruik wat deur die skool voorsien of goedgekeur is, streng volgens die skool se IKT- en toestelgebruikbeleid.
- Selfone en/of slimhorlosies mag glad nie gedurende akademiese ure, insluitend lesse, assesserings of studietye, gebruik word nie.

#### 11.1.2. Graad 10, 11 en 12

- Leerders in graad 10, 11 en 12 mag hul eie elektroniese toestelle, streng volgens die skool se IKT en toestelgebruikbeleid vir akademiese doeleindes, waar nodig gebruik.
- Selfone mag slegs gebruik word met die uitdruklike **toestemming** van die vakonderwyser, en slegs vir opvoedkundige doeleindes gedurende daardie les.
- Die ongemagtigde gebruik van selfone gedurende akademiese tyd word as wangedrag beskou.

### 11.2. Sosiale media

Sosiale media verwys na aanlyn kommunikasieplatforms en digitale netwerke wat vir interaksie, kommunikasie, samewerking en die deel van inhoud gebruik word.

#### 11.2.1. Verbode mosiale media gedrag

Die volgende handelinge word as sosiale-media-wangedrag beskou en is streng verbode:

- Die publisering, verspreiding of herverspreiding van enige inhoud wat:
  - Konflik veroorsaak of die skoolomgewing ontwrig;
  - Neerhalend, vernederend, aanstootlik, bedreigend of beledigend is;
- Die skool, sy leerders, personeel of die breër skoolgemeenskap in oneer bring.
- Dit sluit onder andere inhoud in wat rassisties, seksisties, lasterlik, diskriminerend, pornografies of andersins onwettig is.

#### 11.2.2. Dissiplinêre optrede

- Enige leerder wat skuldig bevind word aan sosiale-media-wangedrag, sal aan dissiplinêre optrede onderwerp word en, waar toepaslik, regsoptrede.
- Afhangend van die aard en erns van die oortreding, kan sodanige wangedrag as ernstige of growwe wangedrag beskou word en kan dit tot ernstige dissiplinêre gevolge lei.

#### 11.2.3. Konfiskering en deursoeking van toestelle

- Die skool behou die reg voor om enige elektroniese of interaktiewe toestel – insluitend, maar nie beperk tot selfone, slimhorlosies, skootrekenaars en tablette - te konfiskeer, te deursoek en te ondersoek, waar daar:
  - Redelike vermoede bestaan van ’n oortreding van die skool se Gedragskode; of
  - ’n Vermoede van onwettige of skadelike aktiwiteit bestaan.
- Sulke optrede sal uitgevoer word in ooreenstemming met toepaslike wetgewing en WKOD-riglyne.

## 12. AFKNOUERY OF BULLEBAKKERY

**Definisie**

Boeliegedrag verwys na herhalende, doelbewuste en ongewenste aggressiewe gedrag wat ’n werklike of waargenome magsmisbruik deur een leerder of ’n groep leerders teenoor ’n ander behels. Sulke gedrag skend die waardigheid, veiligheid en regte van ander en is onversoenbaar met die waardes en etos van die skool.

12.1. **Vorms van boeliegedrag**

Boeliegedrag sluit, maar is nie daartoe beperk nie, die volgende gedrag in:

- Spot of verbale mishandeling
- Sosiale uitsluiting of isolasie
- Dreigemente, intimidasie of dwang
- Afloerdery of aanhoudende teistering
- Fisieke geweld of aanranding
- Diefstal of afpersing
- Seksuele, godsdienstige of rassistiese teistering of diskriminasie
- Vernedering of die afbreek van waardigheid
- Die vernietiging of beskadiging van eiendom
- Teistering, insluitend kuberboeliegedrag via elektroniese of aanlyn platforms

12.2. **Regsraamwerk**

Boeliegedrag is verbode ingevolge:

- Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, wat die regte op waardigheid, gelykheid, vryheid en sekerheid van die persoon waarborg
- Die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996, wat aan skole die plig oplê om dissipline en ’n veilige leeromgewing te handhaaf
- Die Kinderwet 38 van 2005, wat kinders teen mishandeling, misbruik en die afbreek van waardigheid beskerm
- Die Wet op Beskerming teen Teistering 17 van 2011, wat wettige stappe teen teistering voorsien
- Die Wet op die Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie 4 van 2000 (PEPUDA), wat onbillike diskriminasie en teistering verbied

12.3. **Wangedrag en gevolge**

Boeliegedrag word as **growwe wangedrag** ingevolge die skool se Gedragskode beskou. Enige leerder wat skuldig bevind word aan boeliegedrag, sal aan dissiplinêre optrede onderwerp word, wat maatreëls kan insluit tot en met skorsing of uitsetting, in ooreenstemming met toepaslike wetgewing, departementele riglyne en die skool se dissiplinêre prosedures.

12.4. **Verantwoordelikheid van die skool**

Die skool verbind hom daartoe om ’n veilige, inklusiewe en respekvolle leeromgewing te bied, en sal alle redelike stappe doen om voorvalle van boeliegedrag te voorkom, te ondersoek en spoedig en regverdig aan te spreek.

## 13. WYSIGING VAN BELEID

Die skoolbeheerliggaam kan hierdie beleid van tyd tot tyd wysig, aanvul, aanpas of verander.